

JOYCE  
MEYER

VREDE

*Plaas Jou Sorge Op Hom*

Unless otherwise indicated, all Scripture quotations are taken from  
THE AMPLIFIED BIBLE: Old Testament.

Copyright © 1962, 1964 by Zondervan Publishing House  
(used by permission); THE KING JAMES VERSION; and from  
THE AMPLIFIED NEW TESTAMENT

Copyright © 1958 by the Lockman Foundation  
(used by permission).

Copyright © 2014 by Joyce Meyer Ministries – South Africa

All rights reserved. No part of this publication may be  
reproduced, distributed, or transmitted in any form or by any means,  
or stored in a database or retrieval system, without the prior written  
permission of Joyce Meyer Ministries – South Africa.

Joyce Meyer Ministries – South Africa  
PO Box 5, Cape Town, 8000

Phone: +27 (0) 21 701 1056  
Website: [www.joycemeyer.org](http://www.joycemeyer.org)

Go to [tv.joycemeyer.org](http://tv.joycemeyer.org) to watch Joyce's messages in a  
variety of languages

Peace – Afrikaans

Not For Resale

# INHOUD



<i>Voorwoord</i>	4
1. Ervaar Jy Vrede?	5
2. Hoe Om Vrede Te Ervaar?	7
3. Laat Vrede Jou Lei	9
4. Wat Is Dit Wat Jou Van Jou Vrede Beroof?	11
5. Waarom Probeer Die Duiwel Jou Vrede Steel?	13
6. Die Gelowige Se Posisie In Tye Van Beproewing	18
7. Een Dag Op 'N Slag	22
8. Gebed Bring Vrede	26
Gebed Van Verlossing	29
Oor Die Skrywer	30

# VOORWOORD



“Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na!”

1 Petrus 3:11

Ek bid dat hierdie boek oor vrede jou sal leer om “...die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan...” te geniet.

(Filippense 4:7)

# 1



## ERVAAR JY VREDE?

Elke weergebore kind van God behoort 'n lewe vol vrede te ervaar. Jesus het in Johannes 14:27 gesê:

“Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.”

Dit is werklik 'n belangrike vers. Lees dit asseblief 'n paar keer deur. Neem dan ten minste vyf minute om dit te oordink en laat dit deel word van jou gedagtes.

Eerstens moet ons oplet dat die vrede wat Jesus aanbied 'n spesiale soort vrede is, nie soos wat die wêreld gee nie. Watter soort vrede bied die wêreld aan ons? Die wêreld bied 'n bepaalde gevoel van vrede. Hierdie soort vrede ontstaan wanneer alles in jou lewe gebeur soos jý dit graag wil hê. Maar, wanneer sake nie verloop soos jy dit wil hê nie, vlieg daardie wêreldse vrede baie vinnig by die venster uit. 'n Toestand van ontsteltenis neem gou-gou oor. Die vrede wat Jesus gee, bly egter by jou in goeie sowel as slegte tye, nie net wanneer jy oervloed ervaar nie, maar ook as jy vernedering ervaar. Sy vrede duur voort midde-in die storm.

Uit 'n bloot menslike oogpunt meen ons dit sou wonderlik wees as alles altyd vir ons goed verloop. Ons weet egter uit ondervinding

dat in die werklike lewe dinge nie so gebeur nie. As gelowige het ek jare lank probeer om deur geloof elke ding waarvan ek nie gehou het nie of wat nie vir my lekker was nie, uit die weg te ruim. Dit het my oneindig gefrustreer. Om iets te laat plaasvind wat nie kan of wil gebeur nie, is altyd baie frustrerend! Nadat ek nader aan God begin leef het, het ek uiteindelik begin beseef dat ek my geloof moes gebruik om my kalm en met vrede in my hart deur die storms en woelinge van die lewe te dra. Ek moes nie die duiwel toelaat om my gedurig van my vrede te beroof nie.

Jesus sê in Johannes 14:27b, “Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.” Hoe meer dikwels ek hierdie Skrifwoord gelees en deurdink het, hoe meer het ek beseef dat die Bybel vir my sê dat ek self die oorsaak van my onsteltenis en bangheid was en dat ek hiermee moes ophou. In dieselfde vers sê Jesus mos ook: “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle.”

In Markus 4:40 het Jesus sy dissipels aangespreek omdat hulle nie geloof gehad het tydens die storm nie. Jesus self het nie sy vrede verloor nie. Hy het in die agterstewe van die boot gelê en slaap. Die dissipels was paniekbevange en baie ontsteld.

Wat van jou? Sou jy in daardie situasie saam met Jesus volkome vrede ervaar het? *As jy nie vrede het nie, is jy nie besig om die lewe te geniet nie.*

## 2



### HOE OM VREDE TE ERVAAR?

Geen boodskap is juis baie nuttig, tensy daar ook aangedui word “hoe om” dit wat jy nodig het te verkry nie. Om te sê dat jy vrede nodig het, is maar net stap een. Sonder praktiese hulp hoe om daardie vrede te bereik, sal hierdie boodskap nie juis vrugte oplewer nie.

Een ding het my besonder baie gehelp om werklik vrede in my lewe te ervaar. Ek het besef dat dit nutteloos en uiters frustrerend was om “iets te probeer doen in verband met iets waaraan ek niks kon doen nie.” Is jy miskien besig om so iets te doen? Is jy besig om jouself te frustreer deur jou pogings om dinge te laat gebeur? God se tydsberekening vir elke ding is volmaak. Jy moet op sy tydsberekening wag.

Oor die algemeen gesien, kan jy in elk geval nie dinge buite hulle seisoen laat gebeur nie. Selfs as jy dit sou regkry om iets buite sy seisoen te laat gebeur, sal jy nooit geluk daaruit smaak nie. Leer om op God te wag. Dit strek tot sy eer en dit bring vir jou vrede.

Probeer jy op die oomblik om die onmoontlike te vermag? Probeer jy om mense rondom jou te verander - miskien die persoon met wie jy getroud is, een van jou kinders, ’n vriend of vriendin of ’n familielid? Mense kan nie ander mense verander nie. Net God kan ingaan in ’n mens se hart en in hom of haar die begeerte om te verander, wakker maak. As ons mense van buite af probeer dwing deur eise aan hulle te

stel, eindig dit in die verlies van almal se vrede. Ons is nie geskep om onder die dwang van die wet te staan nie. Mense het vryheid nodig. Hulle het beweegruimte nodig.

Gedurende die eerste paar jaar van ons huwelik, het ek probeer om Dave sover te kry dat hy ophou gholf speel. Ek het gemeen hy speel te veel en ek wou meer tyd saam met hom deurbring. Ek het alle moontlike planne waaraan ek kon dink, beraam. Ek het elke slenterslag gebruik Ek was dikmond. Ek het kwaad geword. Ek het hom probeer oortuig. Ek het stilstuipe gekry. Niks het gewerk nie. Ek was gedurig ontsteld. So nou en dan het Dave maar toegegee en 'n ruk lank nie gaan gholf speel nie. Interessant genoeg, hoewel ek gekry het wat ek wou hê, het ek tog nie vrede ondervind nie. Ek het nie vrede gehad nie omdat ek op die verkeerde manier te werk gegaan het. As jy iemand probeer dwing om te verander, sal dit al jou vreugde wegneem.

Is jy dikwels ontevrede met jouself omdat jy geestelik nie is waar jy graag sou wou wees nie? Is jy besig om jouself te probeer verander? Dan moet jy sekerlik sorg dat jy saamwerk met die Heilige Gees aan die werk wat Hy besig is om in jou lewe te doen. Die Gees is besig om jou na volmaaktheid of volwassenheid te lei. Jy kan dit nie self doen nie. Hierdie saak is ook een waar jy besig is om iets te probeer doen wat jy nie kan doen nie.

Ek is seker jy kan insien dat dit 'n heel natuurlike reaksie is om dinge te probeer verander waarvan jy nie hou nie. Wees net een oomblik realities. Hoe suksesvol is jy in jou pogings om hierdie dinge te verander? Is jy eenvoudig besig om jouself te frustreer en in die proses jou vrede te verloor? Dit terwyl jy eintlik in God behoort te rus terwyl jy op Hom en Sy tydsberekening wag en Hom moet vertrou met die ander mense in jou lewe en selfs met jou persoonlike sake?

Laat my toe op op te som: As jy “besig is om iets te probeer doen aan iets waaraan jy niks kan doen nie,” sal jy gefrustreerd wees en sal jy geen vrede ervaar nie.



# 3



## LAAT VREDE JOU LEI

Kolossense 3:15 sê: “En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee.”

In ’n balspeletjie besluit die skeidsregter of jy in of uit is. Vrede is die skeidsregter wat die uitspraak gee of ’n bepaalde saak in jou lewe hoort of nie.

Baie mense beleef nie vrede nie, omdat hulle buite die wil van God is. Hulle volg hulle eie wil in plaas van die wil van God. Hulle maak soos hulle voel of doen wat hulle dink is reg eerder as om God se Woord te gehoorsaam en deur die mate van vrede wat hulle ervaar, gelei te word. Heel dikwels kom iets wat ek graag wil doen oor my pad. Die hele ding klink goed, voel goed en kan selfs regtig iets goeds wees. As ek egter nie vrede het oor die saak nie, het ek geleer dat ek moet wegbly daarvan. Laat toe dat vrede jou lei. Moenie iets koop, veral as dit ’n groot aankoop is, as jy nie vrede daarvoor het nie. Dit maak nie saak hóé graag jy dit wil hê nie. Jy sal agterna spyt wees as jy teen die leiding van die Heilige Gees opgetree het.

Soms bied iemand my ’n geleentheid aan om voor ’n gehoor te praat. Ek sou graag die geleentheid wou aangryp, maar ek het nie vrede in my gemoed daarvoor nie. Ek weet nie hoekom nie, maar soms is die vrede net nie daar nie. Ek het oor die jare geleer dat as ek in elk geval

ja sê vir die aanbod die rede waarom ek nie vrede gehad het oor die saak nie altyd later sou duidelik word.

Ek onthou een afspraak toe ek net begin het om rond te reis vir optredes. Uitnodigings was maar yl gesaai en natuurlik wou ek hulle almal aanneem. Ek het 'n uitnodiging ontvang van 'n kerk in Texas. Op daardie tyd was dit vir my iets baie opwindends. Ek het dadelik “ja” gesê. 'n Paar weke later het ek hierdie geknaag in my binneste gevoel elke keer as ek aan die uitnodiging dink. En dit het al hoe erger geword. Ek het eenvoudig geen vrede gehad oor die saak nie en tog het God my geen rede vir hierdie onrustigheid gegee nie.

Ek het gewag en gewag. Uiteindelik het ek geweet dat ek hulle moes skakel en vra of hulle my sou vrystel van my belofte om op te tree. Ek het gesê ek sou wel kom as hulle nie 'n geskikte plaasvervanger kon kry nie, maar dat ek om een of ander rede geen vrede ondervind het oor die saak nie. Hulle het my toe van my onderneming vrygestel.

'n Paar weke later het ek uitgevind dat my tuisgemeente daardie bepaalde naweek hulle nuwe kerkgebou sou inwy. Ek was vir 'n hele ruk 'n mede-pastoor in daardie kerk voordat ek my eie bediening begin het en dit was vir my baie belangrik dat ek daardie besondere geleentheid saam met hulle sou vier.

Waarom het die Here nie eenvoudig vir my vertel wat die situasie was nie? Om een of ander rede het Hy verkies om dit nie te doen nie. Sy Woord sê vir ons dat ons deur vrede gelei moet word. Baie keer is dit die enigste aanduiding wat Hy jou sal gee om jou te laat weet of jy “binne” of “buite” sy wil is. Later sal jy miskien weet waarom Hy jou op 'n spesifieke manier gelei het, maar soms sal jy nooit weet waarom nie.

Jy sal nooit 'n vredevolle lewe geniet as jy sy leiding verontagsaam en jou eie wil volg nie.

# 4



## WAT IS DIT WAT JOU VAN JOU VREDE BEROOF?

Elke mens het sekere goed wat hom ontstig. Satan bestudeer jou dwarsdeur jou hele lewe. Hy ken jou waarskynlik beter as wat jy jousef ken. Hy weet presies wat jou pla en ontstig. Jy moet self ook weet wat jou ontstig en dan moet jy sorg dat jy in daardie tye nie jou vrede verloor nie.

Geen twee mense se “vrede-diewe” is dieselfde nie. Daar is dinge wat my ontstig wat vir Dave glad nie hinder nie. Ek hou byvoorbeeld van stilte, maar lawaai pla hom glad nie. Hy kan ’n boek lees terwyl een van ons dogters haar bandspeler se volume vol oop het en ons negejarige seun op die vloer met sy hond stoei.

Ek kan dit nie verdra om te moet jaag nie en ek haat dit om laat te wees. Partykeer sal Dave probeer om te veel te doen in die beskikbare tyd en dan moet ons alles op die laaste oomblik met ’n groot gejaag afhandel. Die duiwel weet ek kan so iets nie verdra nie en hy gebruik die situasie om my vrede te steel. Aan die anderkant hou Dave daarvan om ten minste ’n uur voor die tyd op die lughawe te wees as ons êrens heen moet vlieg. Hy wil altyd vroeg by die gholfbaan wees as hy gaan gholf speel. As die duiwel dit kan regkry om sake so te reël dat hy laat is vir een van dié geleenthede, begin Dave sy vrede

verloor.

Ons is verskillend, dus gebruik Satan verskillende taktieke met elkeen van ons. Wees slimmer as hy. Hy reël sake so dat jy jou sal ontstel. Wat is jou “vrede-diewe”? Maak ’n lys van daardie dinge en bespreek dit dan met jou gesin. Vind uit wat dit is wat elkeen regtig irriteer en probeer mekaar dan help om daardie areas te vermy.

Dave is ’n toegewyde gholfspeler. Ek speel ook, maar dit sou my heeltemal goed pas om te lag en te giggel terwyl ek ’n rondte speel. Ek het egter geleer dat dit nie ’n goeie plan is om grappies te maak as ek saam met Dave gholf speel nie en ook nie om hom te terg as hy ’n swak hou speel nie. Ons het wel pret, maar ek weet ek moet doen wat vir hom gemaklik is. Dit het geen sin om dinge te doen wat ’n ander persoon sy of haar vrede laat verloor nie. As jy ’n lang tyd met iemand saamleef, begin jy sy of haar swakhede ken, net soos jy jou eie ken. Ek herhaal: “Probeer om mekaar te help om daardie areas te vermy.”

Dave help my met my swakhede. Hy probeer dinge stil hou wanneer ek probeer studeer of rus. Hy moedig my aan om genoeg te rus en te ontspan, want hy weet as ek te moeg word, sal Satan my vrede steel. Galasiërs 6:2 sê, “Dra mekaar se laste...” Ons moet mekaar se swakhede help dra, ons moet besef dat ons almal baie daarvan het en ons moet vir mekaar bid.

# 5



## WAAROM PROBEER DIE DUIWEL JOU VREDE STEEL?

Ons weet dat vrede ons aan die Heilige Gees bind. Om dit anders te sê, die Heilige Gees werk slegs in 'n atmosfeer van vrede. Daar is krag in vrede. Ek is oortuig dat dit die rede is waarom Johannes 14:27 vir ons sê dat vrede ons erflating van Jesus is. Jesus het gesê: “Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle.” Met ander woorde, Hy laat sy vrede vir ons na in sy testament.

As jy 'n probleem ondervind en die duivel kan jou nie daartoe dryf om ontsteld daaroor te wees nie, het hy geen mag oor jou nie. Jou krag lê daarin dat jy kalm, rustig en vol vertroue bly. Die duivel se krag lê daarin dat hy jou ontstig en bekommerd laat voel.

As jy jou in 'n ontstellende situasie bevind, maak dit eenvoudig jou doel om kalm te bly. Moenie die duivel se planne bevorder deur ontsteld te raak nie. Hy is baie bly as hy jou emosies kan deurmekaar krap. Gewoonlik is die eerste ding wat 'n mens doen as jy omgekrap voel om sonder om te dink, dinge te sê wat aan die duivel vuurmaakgoed verskaf vir die vuur wat hy so pas begin het. Jakobus 3:5,6 sê: “So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek. Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtheid, die deel van die

liggaam wat die hele mens besmet. ... (dit) word dit uit die hel aan die brand gesteeek.” Uit hierdie Skrifgedeelte kan jy sien dat die duivel wil hê dat jy beheer moet verloor sodat hy die beheer van jou lewe kan oorneem. Onthou, die duivel lei jou in situasies in sodat jy ontsteld en sonder vrede kan wees.

Jy het seker al opgelet dat die duivel dikwels oortyd werk juis wanneer jy regmaak om kerk toe of na ’n Bybelstudiebyeenkoms toe te gaan. Jare lank was dit Sondagoggende by ons asof daar ’n stormwind deur die huis gewaai het. Ons het selde die kerk bereik sonder dat iemand omgekrap geraak het en meestal was dit nie net een lid van die gesin nie, maar almal.

Sondagmôre het ons dinge verloor, gemors of gebreek soos op geen ander dag van die week nie. Ons kinders het op elke ander wekedag goed met mekaar oor die weg gekom, maar Sondagoggend het hulle met mekaar baklei. Hoe meer wanorde en lawaai daar was, hoe meer ontstig het ek geraak. (Onthou, ek hou glad nie van ’n geraas nie).

Uiteindelik het ek oor alles begin kla. Dave haat ’n geklaery en na ’n ruk het hy dan vir my gesê om op te hou neul. Dan het ek kwaad geword vir hom en dan het die kinders begin huil omdat ek en Dave met mekaar gestry het.

Te midde van al hierdie dinge, het die hond dan begin om deur die huis te hardloop met ’n skoen in sy bek, ’n skoen wat iemand juis vir die diens wou aantrek. En dan het ek begin skree: “Maak gou! Ons gaan laat wees!” Ek is seker julle herken hierdie toneel.

Toe ek eendag Jakobus 3:18 lees, het ek skielik besef waarom hierdie dinge altyd gebeur het juis as ons op pad was om na die Woord van God te gaan luister. Hierdie Skrifgedeelte sê: “En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir die wat vrede maak.” (1953-vertaling).

Met ander woorde, vir die Woord van God om wortel te skiet en goeie vrugte voort te bring in ons lewens, moet dit verkondig word

deur iemand wat self 'n vredemaker is. Daarmee saam is dit ook noodsaaklik dat ons vrede in ons harte moet hê as ons na sy Woord luister.

Dink maar oor jou eie lewe. Hoe dikwels is die vyand suksesvol in sy pogings om jou omgekrap te laat voel juis wanneer jy op pad is om na die Woord te gaan luister? Wees op die uitkyk vir die duivel se slinkse planne en moet hom nie help om hulle te laat slaag nie. 2 Korintiërs 2:11 sê: “Die Satan moet nie die oorhand oor ons kry nie. Ons ken sy planne maar alte goed.” Die Satan gebruik sy streke om ons te bedrieg en te mislei. Kom, laat ons slimmer as die duivel wees.

1 Petrus 5:8 sê: “Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duivel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.”

Moet nie toelaat dat jy die een is wat verslind word nie! Ek pleit by jou om versigtig te wees. Elke keer as jy ontstig en gefrustreerd begin voel, word 'n oomblik stil en vra jouself hierdie vrae: “Wat is die duivel besig om te doen? As ek toelaat dat hierdie negatiewe emosies oorneem, wat gaan die gevolge wees?”

Efesiërs 4:26,27 is ook 'n baie belangrike Skrifgedeelte wat ons vermaan om nie die duivel 'n houvas op ons lewe te laat kry deur ontsteld en ontstig te word nie. Vers 26 sê: “As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie.” Met ander woorde, moenie ontsteld en omgekrap bly nie.

Vers 27 sê: “Moenie die duivel vatkans gee nie.” As jy ontsteld is, verloor jy jou vreugde. Wanneer jy jou vreugde verloor, verloor jy jou krag. Nehemia 8:10 sê: “... die blydskap in die HERE—dit is julle beskutting.” (1953- vertaling). Die psalmskrywer Dawid praat in Psalm 42:5 met homself en vra: “Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so?” Jesaja 30:15 sê: “Julle krag lê in stil wees en vertrou hê.” Weer eens sien ons baie duidelik dat die duivel ons wil omkrap en ontstel ten einde ons van ons krag te beroof.

Ek het van die Heilige Gees geleer dat Hy werk in 'n atmosfeer waar

vrede heers. Die Heilige Gees werk nie waar wanorde heers nie. Die duivel werk waar daar onvrede en wanorde is, maar die Heilige Gees werk waar vrede is. Sorg dat daar 'n atmosfeer van vrede in jou huis, besigheid, kerk of bediening geskep word. As jy dit doen, eer jy die Woord en die Gees van God. Jy sal beslis die vrugte van jou gehoorsaamheid pluk.

Onthou, Jesus het die sewentig dissipels twee-twee uitgestuur om baie kragtige daade te doen. Hulle moes duiwels uitdryf, siekes gesond maak en die Evangelie verkondig. Hy het hulle beveel om in 'n dorp in te gaan en wanneer hulle in 'n huis kom, moes hulle eerste woorde wees: “Vrede vir hierdie huis” en dan moes hulle daar bly. As hulle nie (in vrede) daar ontvang word nie, moes hulle die stof van hulle voete afskud en verder gaan. (Lukas 10:1-11,17). Waarom? Hulle werk sou sonder krag wees tensy hulle in vrede daar kon vertoef.

Ek is seker jy begin nou verstaan watter boodskap hierdie boek aan jou wil oordra. Jy moet jou bes doen om selfbeheer te beoefen sodat jy altyd vrede kan ervaar.

In Lukas 22:46 leer Jesus ons om te bid dat ons nie in versoeking kom nie. Hy het aan sy dissipels gesê: “Staan op en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie.” Moenie op jouself of jou eie krag vertrou om die duivel op hierdie gebied te weerstaan nie. Bid daagliks dat God jou die genade sal gee om die duivel te weerstaan wanneer hy jou vrede wil steel. Vra die Here om jou sterk te maak en te help.

Onthou, Johannes 15:5 sê: “... sonder My kan julle niks doen nie.” Moenie probeer om dit in jou eie krag te doen nie! Vra sy hulp. Jy kan alles deur Christus doen (Filippense 4:13), maar niks uit jouself nie. In Johannes 5:30 sê selfs Jesus dat Hy niks uit sy eie kan doen nie. Jy moet nederig wees as jy wil hê dat God jou moet help. 1 Petrus 5:5 sê: “God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.”

Laat my toe om op te som deur weer te sê dat Satan jou vrede wil steel



sodat hy jou krag kan steel. Hy wil hê dat jy swak en kragteloos moet wees, maar ek wil jou aanmoedig met die woorde van Efesiërs 6:10: “Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.” Bly is sy vrede!

# 6



## DIE GELOWIGE SE POSISIE IN TYE VAN BEPROEWING

Efesiërs 6:13 sê: "...sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan." Wat is jou pos waarop jy moet bly staan? Efesiërs 2:6 leer ons dat ons plek in Christus is. Die woord *staan* hierbo is 'n vertaling van die Griekse woord *histemi*. Een van die betekenis daarvan is "bly in." Die Griekse woord vir *bly* in in Johannes 15:7 is *meno*. Een van sy betekenis is "staan." *Meno* word dus soms vertaal as staan. Jesus het gesê, "As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry." (Johannes 15:7). Om in Hom te bly, plaas jou in 'n magposisie.

Hebreërs 4 sê wanneer jy jou eie pogings laat vaar en eerder (deur geloof en gehoorsaamheid) daarop konsentreer om in die rus van God in te gaan, sal jy in sy rus ingaan. In tye van beproewing, doen wat God jou lei om te doen en bly dan in Christus, neem jou posisie in Christus in en kyk hoe Hy namens jou optree. Die Bybel sê: "Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red..." (Eksodus 14:13). Al hierdie woorde - bly in, wees stil, rus, staan, en in Christus - sê basies dieselfde ding: Moenie jou vrede verloor nie!

Filippense 1:28 is een van die kragtige verse in die Bybel wat

hierdie punt baie duidelik en helder beklemtoon: Dit sê: “...en julle in geen opsig deur die teenstanders laat afskrik nie. Dit is vir hulle ’n teken van hulle ondergang en van julle redding, en dit kom van God.”

Hierdie Skrifwoord spel dit duidelik uit: As jy aangeval word, behou jou vrede. Dit sal die duiwel duidelik laat verstaan dat hy verslaan is. Hy weet nie wat om te doen as hy jou nie kan ontstig nie. Terselfdertyd gee dit jou die versekering dat God jou sal verlos omdat hierdie houding van vrede en rus vir God wys dat jy in opregte geloof optree. Hebreërs 4 sê dat hulle wat die rus van God binnegaan, dié mense is wat geglo het.

Gaan voort om jou lewe te geniet terwyl God jou probleme oplos. Ek dink die meeste mense dink vaagweg dat dit verkeerd is om die lewe te geniet wanneer ’n mens probleme het. Hulle reken dat, as jy niks anders aan die saak kan doen nie, kan jy ten minste ellendig voel.

Ek weet ekself het baie van hierdie soort gedagtes gehad in die verlede. Wanneer ek en Dave een of ander probleem of moeilikheid ervaar het, het hy heel gelukkig gelyk en nog die lewe geniet. Ek was ongelukkig en boonop kwaad vir hom omdat hy nie saam met my ellendig gevoel het nie.

Dikwels was finansiële sake ons probleem. Dit het gelyk asof Dave ’n bonatuurlike geloof gehad het wat geld betref. Hy sou sê: “Ons gee getrou ons tiendes en ons gee ruim bydraes waar daar nood is. Die Bybel sê in 1 Petrus 5:7 ‘Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.’ In Filippense 4:19 staan: ‘En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien...,’ dus waarom moet ek my daarvoor bekommer? Bekommernis sal nie die geld inbring nie. Dit doen dit nooit!”

Dit was altyd Dave se standpunt. Terwyl God besig was met die probleem, het Dave eenvoudig sy lewe geniet. Ek het gesê: “Ek weet dit alles, Dave, maar jy kan nie net niks doen nie.” Ek wou hê dat hy iets omtrent die saak moet doen. Dan het hy geantwoord: “Nou

goed, Joyce, wat wil jy hê moet ek doen?” Ek het dan gesê: “Bid! Jy moet bid oor die saak.” Hy sou antwoord: “Ek het gebid. Ek het God gevra om vir hierdie probleem te sorg. Ek het Hom gevra om my te wys as daar enigiets anders is wat Hy wil hê ek moet doen. Hy het my niks anders gewys nie, dus lyk dit vir my sinneloos om miserabel te voel daarvoor.”

Ek het eintlik geweet dat Dave reg was. Tog was daar nog altyd ’n vae gevoel in my binneste wat steeds daarop aangedring het dat ek nie die vermetelheid mag hê om die lewe te geniet terwyl ek ’n probleem het nie. Jare lank was die resultaat dieselfde: elke keer as ons ’n probleem gehad het, het Dave gebid en steeds vrede ervaar, terwyl ek gebid en my bekommer het. Ek het myself diep ongelukkig gemaak. Dave het sy lewe geniet en elke keer het God onderneem. Elke keer het Hy voorsien.

Goddank, uiteindelik het ek besef dat ek niks bereik nie. Al wat ek besig was om te doen, was om myself baie ongelukkig te maak en om waarskynlik by te dra daartoe dat God se antwoord langer uitgestel word. Nou geniet ek egter vrede te midde van die storm. (Markus 4:37-40).

Jesus het gesê: “In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.” (Johannes 16:33b). Die Bybel sê ook dat versoeking sal kom, maar vermaan ons terselfdertyd om nie in versoeking te kom nie. (Lukas 8:13; 1 Kor 10:13; Jakobus 1:12). My punt is dat uitdagings, dinge wat ons moet oorkom, altyd daar sal wees in die lewe, maar ons is meer as oorwinnaars deur Christus Jesus. (Romeine 8:37).

Ons is nie mense wat klaar volledig oorwin het nie, maar ons is altyd oorwinnaars. Jy sal nooit ’n punt bereik waar jy reeds alle hindernisse oorwin het nie, maar jy kan verseker wees daarvan dat jy altyd in Christus sal triumfeer. Jy is altyd besig om te oorwin!

Jy sal by die plek waarvan Paulus in Filippense 4:11,12 gepraat het,

moet kom. Hy het gesê dat hy geleer het om tevrede (in vrede) te wees tydens gebrek sowel as oorvloed. As jy dit nie bereik nie, sal jou lewe een lang reeks ontsteltenisse ná die ander wees. Onthou, as die duiwel beheer oor jou kan uitoefen deur van omstandighede gebruik te maak, sal hy jou die heelyd onder sy duim hê. Jy kan met gesag optree deur altyd jou vrede te behou.

# 7



## EEN DAG OP 'N SLAG

'n Onfeilbare manier om jou vrede te verloor, is om oor die dag van môre te begin tob. Matteus 6:34 sê, “Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.”

Vir die meeste van ons is dit meer as genoeg om vandag te hanteer sonder dat ons ook nog aan die probleme van môre moet dink. God sal jou genade gee vir vandag, maar Hy sal nie genade vir môre gee totdat môre aangebreek het nie.

Baie dikwels bekommer en bekommer mense hulle oor iets wat nooit gebeur nie. Al daardie wat-sal-gebeur-as vrae beteken net moeilikheid. Wanneer jy tob oor “wat sal gebeur” as dit of dat voorval, dan moet jy in jou pasoppens wees. Jy gaan waarskynlik in 'n moeras van bekommernis beland. Party mense bekommer hulle so erg dat hulle bekommernisse in vrees oorgaan en dikwels gebeur daardie dinge wat hulle vrees dan juis met hulle. Ons kan van God ontvang deur geloof. Ons kan ook van die duiwel ontvang deur te vrees.

Moenie toelaat dat vrees vir môre jou lewe oorheers nie. Jy weet mos dat God getrou is. Wat môre ook mag inhou, Hy hou môre in sy hand. Sy genade is genoeg om in al jou behoeftes te voorsien. Moenie vandag se genade om die lewe te geniet, verspil deur jou oor môre te

bekommer nie. Dit is absoluut verstommend wat ons in Christus kan regkry as ons net één dag op 'n slag leef.

Ek het hierdie les geleer toe ek begin het om klas te gee aan die Bybelkollege. Ek het toe reeds een dag per week klas gegee by my tuisgemeente waar ek ook mede-pastoor was. Ek het vier kinders en 'n voltydse pos gehad toe die geleentheid gekom het om drie keer per week klas te gee by die Bybelkollege by die kerk. Ek het 'n diepe begeerte gehad om meer gereeld Bybelonderrig te gee en hier was nou 'n geleentheid om dit drie maal elke week te doen.

Maar, as jy klasgee, moet 'n mens ook studeer en voorberei. Baie van die klasse sou diepgaande Bybelstudie behels en dit sou beteken dat ek self diep in die Woord sou moes delf ten einde voorbereid te wees, veral gedurende die eerste jaar. Al hierdie studiewerk moes in die aande gedoen word aangesien my voltydse werk die dag in beslag geneem het. Ek kon nie insien hoe ek dit enigsins alles kon inpas nie, maar ek het gevoel God wou hê dat ek dit moes doen.

Na baie gebed en bepeinsing het ek God op sy woord geneem en geglo dat ek die onmoontlike in sy naam sou kon doen. Die belangrikste saak waaraan God my voortdurend herinner het, was: “Een dag op 'n slag en jy kan dit doen.” Sodra ek my oor die volgende dag begin bekommer het, was ek baie gou in die moeilikheid, want dan het ek onmiddellik die onmoontlikheid van alles begin raaksien. Maar elke dag, een dag op 'n slag, het alles goed uitgewerk. God het my genade gegee, maar nie vóór die dag waarop ek dit nodig gehad het nie. Die tweede jaar was baie makliker, want toe was al my voorbereiding vir die klasse reeds gedoen. Ek het dus nie nodig gehad om so baie te studeer as in die eerste jaar nie.

Naas die feit dat ek die studente kon onderrig in die Skrif, was daar twee hoofredes waarom die Here my gevra het om hierdie taak aan te pak. Die een was dat ek eerstehands sou ervaar hoe baie deur die genade van God bereik kan word as 'n mens die lewe een dag op 'n slag pak. Die ander rede was dat dit vir my noodsaaklik was om

die ondervinding op te doen om so dikwels te moet klasgee. Ek gee nou baie dikwels onderrig aangesien ek en Dave, bo en behalwe ons “Lewe in die Woord”-byeenkomste tuis, ook reis en dan klasgee. God is goed en sy weë is volmaak.

Die ander area wat met hierdie saak verband hou en ook vir mense baie moeilikheid gee, is spyt - spyt oor die foute van die verlede. Ons maak almal foute. Ja, dis wat ek gesê het: “Ons maak almal foute.” Selfs daardie mense wat jy dink doen nooit iets verkeerd nie, maak foute. Die Bybel sê ons dra elkeen ons las van neerdrukkende foute. (Galasiërs 6:5). Ons almal sê en doen dinge wat ons wens dat ons dit nie gedoen of gesê het nie. As ’n ding eenmaal gedoen is, is dit gedoen.

Ek het geleer dat, eerder as om my vreugde te verloor oor iets wat ek gedoen het en nou niks aan kan verander nie, moet ek eenvoudig vir God vertrou dat Hy alles reg sal laat uitwerk. Hy beskik oor daardie vermoë, weet jy? Hy kan ons foute regstel.

Partymaal sê ek iets en wens agterna dat ek dit nie gesê het nie. In plaas van my te bekommer daarvoor of ek miskien iemand aanstoot gegee het of kwaad gemaak het, vra ek die Here om hulle te laat verstaan dat ek niks slegs bedoel het nie al het ek die verkeerde ding kwytgeraak. Ek vertrou dat God in hulle hart sal werk en my in hulle guns sal herstel. Op hierdie manier hoef ek my nie dae lank te bekommer nie en ook nie ineen te krimp van skaamte as ek hulle sien nie.

Ons trap baie keer in die strik van spyt wees oor dinge wat gebeur het. Ek en Dave eet dikwels uit omdat ons so besig is. Dit gebeur soms dat ons by ’n plek gaan eet waar die kos sleg is of die diens swak. Dit het dan gebeur dat ons uitstap en ure later nog spyt voel omdat ons daarheen gegaan het. Die Here het ons gewys dat selfs om te tob or ’n swak keuse van restaurant jou vrede kan steel.

Onthou, om vrede te ervaar, moet jy ophou om iets te probeer doen aan dinge waaraan jy niks kan doen nie. As jy eenmaal ’n besigheid



ondersteun en jou rekening betaal het, sal spyt niks verander aan wat gebeur het nie.

Ons draai nou sulke situasies om en laat hulle tot ons voordeel werk. Nou sê ons: “Dink net aan al die mense wat nog daarheen sal gaan en teleurgestel word. Is ons nie geseënd nie? Ons het reeds uitgevind dat dit nie ’n plek is waarheen ’n mens wil gaan nie. Ons hoef nooit weer ons tyd en geld daar te mors nie.”

Ek het ’n bordjie teen my muur waarop die volgende geskryf staan: As jy in die verlede probeer leef, sal die lewe maar moeilik wees. Jesus het nie gesê dat Hy die groot “Ek was” is nie. As jy in die toekoms probeer leef, sal die lewe maar moeilik wees. Jesus het nooit gesê dat Hy die groot “Ek sal wees” is nie. As jy elke dag leef soos dit kom, sal die lewe goed uitwerk. Jesus het gesê: “Ek is”. (Johannes 8:58). Hy is altyd by jou in elke situasie op die oomblik wat dit gebeur. Onthou maar net om Hom te vertrou vir genoeg genade vir vandag.

# 8



## GEBED BRING VREDE

Filippense 4:6-7 sê:

“Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.

En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.”

Hierdie vrede wat alle verstand te bowe gaan, is iets groots om te ervaar. Wanneer jy, as jy na jou omstandighede kyk, ontsteld, paniekerig en diep bekommerd behoort te wees en jy vrede ondervind wat nie verklaar kan word nie, is dit ’n wonderlike ervaring. Die wêreld het ’n baie groot behoefte aan hierdie soort vrede. Jy kan dit nie koop nie; dit is nie te koop nie. Dit is ’n gratis geskenk van Jesus aan jou. Dit word joune wanneer jy Hom aanneem as jou Heer en Redder en leer om te lewe volgens sy beginsels.

Die gebed van toewyding is ’n kragtige gebed wat jou laste van jou skouers af neem en op Jesus plaas. 1 Petrus 5:7 sê: “Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.”

Watter voorreg! Baie Christene maak nooit gebruik van hierdie voordeel nie hoewel dit hulle toekom.

Ervaar jy wel die vrede wat ontstaan as jy al jou sorg op Hom werp? Die woord werp beteken om met drif te gooi of te slinger. Hoe gouer jy dit doen, hoe beter. Jy doen dit deur gebed. Dra jou probleme oor aan sy liefdevolle sorg. Doen dit dadelik as jy deur die Heilige Gees bewus word daarvan dat jy besig is om jou te bekommer of dat jy jou vrede verloor het.

Die duiwel wil hê jy moet jou bekommer. 1 Petrus 5:9 sê jy moet die duiwel weerstaan as hy jou aanval - dit beteken heel aan die begin van die aanval, sommer dadelik. Moet hom nie kans gee om jou eers 'n paar dae lank te treiter nie. Hoe langer jy uitstel om teenstand te bied, hoe sterker sal die duiwel se houvas op jou word. Dan is dit baie moeiliker om uit sy kloue los te kom. So gou jy besef jy is besig om jou te bekommer, weier dadelik om bekommerd te raak. Werp die bekommernis oor die situasie op God. Verander jou hele denkpatroon.

Toe ek nog begin leer het wat hierdie beginsel om “my bekommernis op Hom te werp” en om “my nie te bekommer nie” beteken, het ek geweet my manier van dink is verkeerd. Ek het soms die hele dag probeer om my probleme op Hom te werp en dan het hulle maar net weer teruggekom. Ek onthou dat ek erg gefrustreerd gevoel het oor die hele saak. Ek het die Here gevra: “Hoe kan 'n mens dit regkry om eenvoudig nie aan 'n bepaalde saak te dink nie?” Jy sien, ten einde jou nie oor 'n probleem te bekommer nie, moet jy glad nie daaraan dink nie! As dit nogtans gebeur dat jy daaraan moet dink sodat jy besluite daarvoor kan neem, moet jy op 'n positiewe manier daaraan dink en nie negatief nie. 'n Mens kan realisties wees daarvoor sonder om negatief te wees.

Ek onthou nog baie goed wat Jesus vir my gesê het toe ek gevra het: “Hoe kan ek ophou om aan die probleem te dink?” Hy het geantwoord: “Dit is baie eenvoudig, Joyce. Dink net aan iets anders.” Jy sien, 'n mens kan nie aan die probleem dink as jy aan iets dink wat nie 'n probleem is nie.

Filippense 4:6 sê ons moet ons nie bekommer nie, maar moet liever bid. Vers 7 beloof dat, as jy doen wat vers 6 sê, sal jy die vrede van God “wat alle verstand te bowe gaan,” ontvang.

Vers 8 sê: “Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is - watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees - daarop moet julle julle gedagtes rig.”

Nou bid ek dat God jou genade sal gee, wat die krag van die Heilige Gees is, om hierdie beginsels prakties toe te pas in jou lewe. Dan sal jy die geluk van ’n vredevolle lewe ervaar. Ek bid ook dat die Vader vrye toegang tot jou lewe sal hê sodat Hy jou kan gebruik tot sy eer en roem.

# GEBED VAN VERLOSSING

Jesus is lief vir jou en hy wil hê dat ons 'n persoonlike verhouding met hom moet hê. As jy nog nie vriendskap gelsuit het met Jesus nie en jy wil hom aanneem as jou persoonlike saligmaker, kan jy vandag besluit. Open julle harte en bid hierdie gebed.

Here, ek weet dat ek 'n sondaar is gered uit genade. Vergewe my. Reining my. Ek belowe dat ek my volle vertroue in Jesus die Seun van God sit. Ek glo dat U gesterf het vir my sondes op die kruis. En dat U opgestaan het sodat ons kan lewe en oorwinning het. Ek gee my lewe oor in U hande.

Dankie Jesus, vir die verfgifnis van ons sonde en vir ewige lewe. Help ons om meer as oorwinnaars te lewe vir U, in Jesus naam, Amen.

Soos jy van jou hart gebid het, het God jou ontvang, jou gereinig en jou vrygemaak van die slawerny van die geestelike dood. Neem die tyd om hierdie Skrifte te lees en te bestudeer en vra God om met jou te praat soos jy met hierdie reis in jou nuwe lewe saam met Hom wandel.

Johannes 3:16

1 Korintiërs 15:3-4

Efesiërs 1:4

Efesiërs 2:8-9

1 Johannes 1:9

1 Johannes 4:14-15

1 Johannes 5:1

1 Johannes 5:12-13

Bid en vra Hom om jou te help om 'n goeie Bybelgelowige kerk te vind, sodat jy aangemoedig kan word om in jou verhouding met Christus te groei. God is altyd by jou. Hy sal jou eendag op 'n slag lei en wys hoe om die oorvloedige lewe wat Hy vir jou het, te leef!

## OOR DIE SKRYWER



Joyce Meyer is een van die wêreld se voorste aanbieders van praktiese Bybelonderrig. Sy is op die New York Times se lys van mees suksesvolle skrywers en het meer as sewentig inspirerende boeke geskryf. Hulle sluit in *The Confident Woman; Look Great, Feel Great*, die hele reeks *Battlefield of the Mind* -boeke, asook baie ander titels. Sy het ook duisende kassette met onderrig en 'n volledige videoteek vrygestel. Joyce se *Enjoying Everyday Life* radio- en televisieprogramme word dwarsoor die wêreld uitgesaai en sy reis op groot skaal om konferensies aan te bied. Joyce en haar man, Dave, het vir vier volwasse kinders en woon in St. Louis, Missouri.